Die Posduif
Nuusbrief van die NG Kerk Parys-Wes

NG KERK PARYS-WES

Visie: *Gedring deur God se Liefde leef ons om Hom te verheerlik*
Missie: *Koinonia, Geloof en Getuienis*

Jaargang 17 1ste Kwartaal 2016

SING 'N NUWE LIED

Dit is 'n opdrag wat ons in die Psalms kry. In die begin van die nuwe jaar doen ons dit graag. Ons is dankbaar vir dit wat ons in die ou jaar kon kry en doen. Daar is soveel waaroor ons bly is, maar baie van ons het ook die volle kwota pyn, hartseer en kommer gehad. Tog was Hy die heeltyd daar! Ps 68:20 se "Dag na dag dra Hy ons!" was nog altyd vir my 'n anker en die afgelope maande het ek die waarheid hiervan terdeë ondervind! Daarby het Ps 138: 8 : "Die Here sal vir my alles goed laat afloop" ekstra troos gebring en ek deel dit graag met almal vir die nuwe jaar.

Vanaf Genesis kry elke gelowige telkens die versekering dat Hy die heelpad saamstap, dat jy 'n metgesel het – begin net die dag reg! Frederic Beck het gesê: "As jy nie deur die dag van jou voete afgevee wil word nie, is dit noodsaaklik dat jy die dag op jou knieë sal begin. "Laat ons op ons knieë die toekoms tegemoet gaan" het Watchman Nee gesê.
In die gewone lewe is daar baie hulpmiddels om ons op die regte pad te hou. As jy die pad reeds ken, is jou geheue die rigtingwyser, anders maak jy van 'n padkaart of "GPS" gebruik. Belangrikste is dat die hulpmiddel by jou moet wees.

In ons geestelike lewe is die Bybel die rigtingwyser. As die Here saamstap, sê Jesaja, sal Hy sê watter pad om te loop. Moses het vir Josua gesê: "Die Here sal voor jou uitgaan. Hy sal by jou wees. Hy sal jou nie in die steek laat nie, jou nie alleen laat nie. Moenie bang wees nie, moenie skrik nie." (Deut 31:8). Johan Smit sê ook: "Wanneer jy die lewe alleen moet aandurf, is daar geen beter ondersteuning as God se teenwoordigheid nie."

Op Mochudi sendingstasie was Oom Coert se antwoord op ons navrae na sy welstand, altyd: "Op die wenpad, dankie." Wanneer jy glo dat jy op die wenpad is, kan daar tóg tye kom wanneer dit donker word. Ons voorouers het nie die luukses van motor- en padligte gehad as hulle met die ossewa op ver paaie gery het nie. Hulle vertel dat as dit te donker geword het, het hulle uitgespan en gewag tot die lig kom. Hoe nodig is daardie stilsit en wag nie vir ons nie! Ps 43:3: "Stuur u lig en u waarheid dat die my lei…" Mag ons moedig, met dankbaarheid en volharding na 2016 uitsien, met die wete dat ons nie alleen is nie.

"A quitter never wins,
A winner never quits."

Begin elke dag vol hoop en bly in God se liefde.
Ps 143:8: "Laat my elke more u liefde ondervind, want in U stel ek my vertroue. Wys my die pad wat ek moet loop, want my hoop is op U gevestig." *Joanie Barry*

(Foto van kanselkleed ex Pintrest en aangepas - https://www.pinterest.com/pin/376754325049134019/)

SENDELINGE VERANDER VAN STANDPLAAS

'n Hele paar van die sendelinge wat ons al goed leer ken het met hulle besoeke aan ons gemeente, het van werksomgewing verander en het ons voorbidding nodig:

Jaco en Helene Lourens is nou op Machadodorp gevestig nadat omstandighede in Somalië te gevaarlik geraak het. Jaco is betrokke by die opleiding van onderwysers om die Evangelie aan kinders oor te dra. Hulle eie kinders woon die Belfast Christelike Skool by.

Johan en Trudie Robbertze het na onderhandelinge met hulle Diensorganisasie SIM, besluit om Tanzanië vir 'n paar jaar te verlaat t.w.v. hulle kinders se opvoeding. Hulle is deur die wonderlike voorsiening van die Here in Ottosdal gevestig. Hulle werk vir Natanja Ministries International as onderwysers – hy in Tegniese vakke en sy in Wiskunde. Hulle kinders is ook by hierdie privaat Christenskool ingeskryf, maar hulle bly sendelinge, hou kontak met Mtwara en hoop om later weer hulle werk daar te hervat.

Japie en Dasha Hugo het, soos hy in die erediens vertel het, vanaf Moskou na 'n afgeleë plek in die Suidooste van Rusland, Gorno Altaisk, geskuif. Na hulle

warm somervakansie in Glentana moes hulle vinnig aan die -20°C van hulle nuwe blyplek gewoond raak!

Stephan en Carina van der Watt van Missie Japan, woon nou in Kobe in Japan, waar hy ‘n pos as dosent by die Gereformeerde Teologiese Kweekskool aanvaar het.

Kom ons bid vir:

- Die Here se seën op hulle werk as bevestiging dat Hy hulle wil hê waar hulle nou is.
- Fokus en leiding vir hulle beplanning vir 2016
- Krag en goeie aanpassing in hulle nuwe omgewing
- Geleenthede om verhoudinge te bou sodat die Evangelie daarby kan baat.

Suna Meyer

DOOP: Desember 2015 tot Februarie 2016

Baie geluk aan Ian en Stephanie van Rooyen met die doop van klein Josephine Anne:

Dopeling	Ouers	Datum gedoop
Josephine Anne van Rooyen	Ian en Stephanie van Rooyen	29 November 2015

NUWE INTREKKERS

Die volgende lidmate het by die gemeente aangesluit en hulle word hartlik verwelkom. Ons vertrou dat julle reeds ingeskakel het, dat jul verblyf hier aangenaam sal wees en dat julle betrokke sal raak by die gemeente-aktiwiteite.

Naam	Vorige Gemeente	Adres	Wyk	Kontaknommer
Sampie De Beer	Scottburgh	H/v Grens- en Breestraat 14	Hickman	0828556557
Lourens en Santa Koekemoer	NH, Vredefort	Grensstraat 10A	Hickman	082 4054180
Wilna en Petri (kind) van Buren-Scheele	NHK Horison, Roodepoort	Grensstraat 10A	Hickman	082 9239028
Koos en Marthie van der Linde	Moedergemeente Reitz	Floydstraat 15	Bredell	0829268072
Marius en Karlien Coetzee	Delmas	Doringboom 1, Vosstraat 1	Grewar	076 6889766

VERANDERINGE EN VERNUWING BY PARYS-WES

Die kerksaal het die afgelope kwartaal ‘n broodnodige opgradering ondergaan en die voorportaal en toilette lyk eenhonderd persent beter.

KERKKOOR

Die kerkkoor oefen op Donderdagaande om 18:00 in die kerk. Laer- en hoërskoolleerlinge en jongmense word hartlik uitgenooi om by die koor aan te sluit! Hermien Bosman, ons orreliste, lei die koor en sy kan by 083 662 5130 vir nadere inligting geskakel word.

KERSKOSPROJEK 2016

Daar is laat in 2015 besluit om die Kerskosprojek aan te pak om gedurende die Kerstyd vir die gesinne wat maandeliks kospakkies by die Diensgroepe Getuienis en Diens van Barmhartigheid kry, iets meer te gee. Die gemeente het wonderlik gereageer en waar daar aanvanklik begroot is vir 25 kospakkies @ R230 = R5 520, is die mooi bedrag van R 8 291.00 ingesamel. As gevolg daarvan, kon die waarde van die kospakkies verhoog word.

Daar is ook ‘n bydrae gemaak vir Glennifer se Kersbraai (wors vir R220.00) en met die balans is blikkieskos aangekoop om die Schonkenville kospakkies in 2016 aan te vul.

Met hierdie bydrae is daar gedurende die Kerstyd ‘n verskil gemaak by baie gesinne in Parys-Wes en Schonkenville. Die Diensgroepe Getuienis en Diens van Barmhartigheid wil die gemeente hartlik bedank vir hul onbaatsugtige bydrae om die projek moontlik te maak. Dankie ook aan Checkers wat die emmers en lekkers geskenk het.

WEBWERF VIR DIE GEMEENTE : Foto’s en inligting van gemeente-aktiwiteite vir die webwerf kan aan Cleone (cleone.deswardt@gmail.com) gestuur word. Besoek die webwerf gerus by http://ngwes.parys.co.za/.

KERSLIEDERE OP DIE KERKTERREIN – 23 Desember 2016

Ds Barry en Krimpie het met Francois en Elizabeth gesels en daar is vinnig ‘n saamsing en piekniek op die Parys-Wes-terrein gereël.

Almal in Parys is uitgenooi om op Woensdagmiddag, 23 Desember om 18:00 by Parys-Wes te kom piekniek hou. Daarna is daar tot ongeveer 20:00 onder leiding van Francois en Elizabeth heerlik kersliedere gesing. Almal het lekker gekuier en ontspan en groot en klein het die geleentheid terdeë geniet. Ongeveer 220 mense van Parys en omgewing asook besoekers van heinde en verre het saam gekuier en gesing. Dit was ‘n besondere geleentheid en dit klink of dit ‘n jaarlikse instelling sal word.

PLUIMBAL EN SPELETJIES

Daar word Vrydag-aande vanaf 18:00 pluimbal en speletjies in die kerksaal gespeel.

Almal is baie welkom om te kom saam speel of om sommer net te kom kuier!

OP-EN-WAKKERKLUB

Ons het verlede jaar afgesluit met ‘n aansit-ete en ‘n pragtige video van Andre Rieu wat ons sommer letterlik in die Feestyd ingespeel het.

Die spyskaart moet mos maar aanpas by ons minimale begroting en het bestaan uit die volgende:

- *Tamatie Gazpacho met crostini's*
- *"Haddock Kedgeree" en miniatuur slaaitjie*
- *Bevrore Mokka Maaskaaskoek*
- *Ligte Vonkeldrankie*

Indien jy nog nuut in ons Gemeente is, wonder jy seker wat is hierdie klub? Wat doen hulle daar? Kom ek verduidelik net kortliks:

Indien jy opsoek is na nuwe vriende, of sommer net 'n oggend lekker saam met vriende wil kuier,
indien jy soek na sielskos wat jou positief stem,
indien jy daarvan hou om op hoogte te wees van goeters en dinge
en om lekker te smul terwyl jy kuier, dan…… kom jy **Op-en-Wakker** toe.

Onthou: ouderdom behoort niemand se entoesiasme vir die lewe te demp nie!

Wie is welkom?
Almal wat nog kan lag, almal wat die positiewe dinge in die lewe kan raaksien en waardeer, almal wat vreugde vind in klein (eenvoudige) dingetjies.
Ja…… hulle is almal baie welkom! Minimale toegangsgelde moet egter gevra word om "lekker" vergaderings te kan aanbied: Lede-R10 Gaste-R20.

Datums vir byeenkomste is op die Kerk-almanak asook in die weeklikse afkondigings by die kerk.

Daar is 'n **VERKOPE TAFEL** wat help om onkostes te dek. Bring asseblief iets kleins en nuttigs om te verkoop en bring jou beursie saam om te ondersteun!!

JY IS BAIE WELKOM! KOM KUIER SAAM!

DIENSGROEP : DIENS VAN BARMHARTIGHEID
Die Diensgroep het 2015 afgesluit met 'n besoek aan CTK, Bethlehem waar ons vir elke kind 'n kersgeskenk kon gee. Die geskenke is met groot opgewondenheid en dankbaarheid ontvang. Die kinderhuis se opregte dank gaan aan elkeen wat bygedra het om hierdie spesiale oomblik van elke kind moontlik te maak.

Die Diensgroep sien uit na die nuwe jaar en die lede is positief en opgewonde om weereens 'n bydrae te lewer in ons gemeente en in die gemeenskap. Enige persoon in die gemeente wat voel dat hul graag hier ‘n bydrae wil lewer, is welkom om Corina by 082 256 8729 te skakel.

Die geskenke wat met liefde toegedraai is en van die ontvangers daarvan.

PERSOONLIKE INLIGTING: *Stel asseblief die kerkkantoor in kennis indien jou adres, telefoonnommers of e-posadres verander of as jy verhuis.*

BESOEK AAN MPONENGSKOOL

Die Diensgroep Getuienis se 2015 besoek aan die *Mponeng Primary School* by Venterskroon was op 4 Desember. By dié geleentheid het ‘n pastoor van Tumahole die boodskap aan die kinders gebring en daarna is daar lekker saamgesing met Johan Schultz se kitaarbegeleiding. Die Caprivi-liedjies het groot byval gevind en is vinnig geleer. ‘n Bybel is aan Jeremy Palmer, wat gedurende die jaar die beste presteer het, en boeke aan die twee kinders wat die beste vordering in die jaar getoon het, oorhandig. Hierna is die magies met heerlike worsbroodjies, lekkers en koeldrank gevul. Dankie aan almal wat gehelp het.

MAANDELIKSE BYDRAES

Die gemeente is baie afhanklik van die maandelikse bydraes en gemeentelede se samewerking om die bydraes wel by die kerk te kry, word baie waardeer. Dit kan geskied per debietorder (wanneer het jy hom laas aangepas?), of d.m.v dankofferkoevertjies wat voor in die kerk, by

kerkraadslede of by die kerkkantoor beskikbaar is. As jy nie een het nie, sit jou naam en die naam van jou wyk op ‘n gewone koevert en gooi dit in die kollektesakkie. ‘n Derde moontlikheid is die direkte inbetaling op die kerk se rekening. *Die **bankbesonderhede** is soos volg: Bank – ABSA; Tjekrekeningnommer: 1130580048; Takkode: 334-836; Verwysing: Jou naam en van asook die naam van die wyk.*

ONS SENIOR BURGERS - 80 jaar en ouer

Hartlik geluk met die verjaarsdag! “Die Here dink aan ons: Hy seën dié wat Hom dien, klein en groot.” Ps 115:12,13

JANUARIE

04 – Tiens Buitendag (81): Lae rug nie lekker nie. Gesondheid verder goed.
07 – Una Erasmus (83): Voel baie beter na haar operasie. Baie dankie vir al die oproepe, boodskappe, besoeke en gebede.
09 – Tineke Botha (81): Rugprobleme veroorsaakdat sy nie lank kan sit nie. Verder gaan dit goed. Sy woon baie gelukkig in Sally Martin Park.
30 – Ina Du Toit (83): Gaan baie goed met haar en gebruik geen medikasie nie.

FEBRUARIE

02 – Karel Hammond (80): Rugprobleme as gevolg van verkalking van werwels. Ten spyte daarvan nog soms doenig in die tuin.
17 – Coenie Pullen (84): Sy is baie beter maar nog nie heeltemal gesond nie. Verder gaan dit goed.
19 – Hettie Wessels (84): Bene is baie swak, maar verder gaan dit goed.
22 – Van Janse Van Rensburg (89): Kuier by die kinders. Volgens ds Barry lyk dit of dit goed gaan. Ons kon nie met homself praat nie
29 - Hannah Visser (80): Moontlik by die kinders. Ons kon nie met haar praat nie.

MAART

06 – Kobus Cronje (82): Gesondheid nie 100% nie, maar op die been en aan die gang.
07 – Kitty Lotriet (91): Dit gaan goed – geen klagtes nie. Bly in ‘n meenthuis en behartig alles nog self.
08 – Coenraad De Jager – Coenraad (92): Gaan baie goed. Gesondheid 100. Neem nog gereeld deel aan die “Park Run”.
25 – Caroline Van Rooyen (83): Het baie las van rugpyn en sukkel met haar gesondheid.

Stuur asseblief enige kommentaar en bydraes na hansieb@lantic.net of skakel Hansie Bekker by 056 811 4754 / 082 820 4306